# 7. ONDERWYSERSOPLEIDING

## 7.1 INLEIDING

"Was aus einem Volk wird, liegt an seiner Erziehung durch Eltern und Schulen ... Es ist ein Schicksal des Volkes, welche Lehrer es hervorbringt und wie es seine Lehrer achtet ..."[1] Die opleiding van onderwysers is 'n belangrike element in die handhawing van die volksideaal. Soos wat die skool is, so sal die gemeenskap wees en soos wat die onderwyser is, so is die skool.[2]

Die hervorming van die onderwys in die BRD (soos deur die *Strukturplan* (1970) en die *Bildungsgesamtplan* (1973) beliggaam) kan slegs suksesvol wees as daar genoeg onderwysers is en as die opleiding van die onderwysers van sodanige gehalte is dat hulle aan die veranderende eise wat die samelewing stel, kan voldoen. Onderwysersopleiding is derhalwe 'n kernvraagstuk van onderwyshervorming.[3]

Die kwantitatiewe aspek van die probleem word duidelik as dit in aanmerking geneem word dat daar reeds in 1967 10 160 000 leerlinge (1976: 12 105 669) en 314 000 onderwysers (1976: 503 051) by die onderwys

1) JASPERS, K. *Wohin treibt die Bundesrepublik?*, p. 201.

2) MALLINSON, V. *An introduction to the study of comparative education*, p. 116.

3) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Strukturplan für das Bildungswesen*, p. 215.

in die BRD (uitgesonderd pre-primêre en tersiêre onderwys asook onderwys vir volwassenes) betrokke was.[4]

Die behoefte aan goed-opgeleide onderwysers word deur die wetlik voorgeskrewe opleiding vir onderwysers aan *Pädagogische* of *Wissenschaftliche Hochschulen* of universiteite, asook die struktuur van die onderwysstelsel bepaal. Die behoefte aan onderwysers hang grootliks van die leerlinggetalle en die onderwyser-leerlingverhouding af. Laasgenoemde word van owerheidsweë beïnvloed omdat leerlinggetalle van bevolkingsontwikkeling en van die skoolplig afhanklik is. Vanweë die algemene skoolplig word die leerlinggetalle grootliks demografies bepaal.[5] Skoolklasse (dit wil sê die aantal leerlinge per klas) in die BRD word as veels te groot beskou. Alhoewel die gegewens wat deur die BLK in hierdie verband verskaf word die situasie nie so sleg skilder nie, (vgl. tabel 7.1) is die verhouding van leerlinge per onderwyser in die praktyk tans heelwat ongunstiger.

UNESCO[6] het in 1970 beraam dat die bestaande aantal onderwysers aan akademiese sekondêre skole teen 1980 verdubbel moet word en die aantal onderwysers aan ander algemeen-vormende skole met meer as 20 persent sal moet toeneem om te voorsien aan die behoeftes

4) *Loc. cit.*

5) SCHORB, A. O. *Bildungsplanung und Bildungspolitik*, p. 134.

6) UNESCO. *Educational reform in the Federal Republic of Germany*, p. 90.

TABEL 7.1

AANTAL LEERLINGE PER ONDERWYSER [7)]

| | 1970 | 1975 | 1980 | 1985 |
|---|---|---|---|---|
| Voorskoolse (elementêre) fase | 20,4 | 18 | 17 | 17 |
| Primêre fase | 37 | 33-30 | 25-22 | 23-19 |
| *Sekundarstufe I* | 23,2 | 22-21 | 22-20 | 20-18 |
| *Sekundarstufe II* | | | | |
| Voltyds | 15,6 | 14 | 14 | 14-12 |
| Deeltyds | 57,4 | 52 | 44 | 40 |
| *Sonderschulen* (net leergestremdes) | 15,6 | 14 | 12 | 11 |

van die toenemende leerlinggetalle. Schultze en Führ[8)] se voorspelling in 1967 dat die eienaardige situasie in 1974 in Hessen sou ontstaan, naamlik dat daar 'n surplus van onderwysers vir die *Grundschule* sou wees en 'n tekort aan onderwysers vir die akade= miese sekondêre skole, is inderdaad bewaarheid. Ten opsigte van die wiskundig-natuurwetenskaplike vakke was die tekort aan onderwysers die voelbaar= ste.[9)]

Die algemene tekort aan onderwysers gedurende die afgelope twee dekades het 'n stremmende uitwerking op die implementering van die onderwysbeleid gehad.

7) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band II, p. 27.

8) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 117.

9) TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. *Verslag van 'n sending na oorsese lande in verband met die opleiding van onderwysers vir die onderrig van die natuurwetenskaplike vakke en wiskunde*, p. 31.

Dit was vir bestaande onderwysersopleidingsprogramme in die laat-sestigerjare moeilik om in pas te bly met die steeds toenemende leerlinggetalle. Hierdie vloedgolf leerlinge het nou die drumpel van tersiêre onderwys bereik op ŉ tydstip dat werkvooruitsigte vir gegradueerdes nie besonder rooskleurig is nie. Een van die vroegste voorspellings dat ŉ oorskot van onderwysers vir sekere skooltipes ondervind sal word, het gekom van die KMK aan die begin van die sewentiger=jare. Hierdie komitee het naamlik gewaarsku dat ŉ surplus van onderwysers vir alle skooltipes met die uitsondering van die beroepsgerigte skole teen die einde van dié dekade moontlik is - ŉ voorspelling wat allerweë beskou is as ŉ set van sy kant om die uitbreiding van tersiêre onderwys te ontmoedig en sodoende die druk op die *Land*-begrotings te vermin=der.[10] Dit kan egter statisties gestaaf word dat skoolinskrywings in al die *Länder* (met die uitsonde=ring van Berlyn, Hamburg en Hessen, waar ŉ geringe vermeerdering in leerlinggetalle bespeur word,) ge=leidelik aan die afneem is.[11]

Naudé[12] vermeld dat daar in 1975 nagenoeg 10 000 onderwysers in die BRD werkloos was, ŉ situatisie wat afstuderende onderwysers besonder verontrus het

10) HEARNDEN, A. *Education, culture and politics in West Germany*, p. 141.

11) Volgens die BUNDESREGIERUNG, *Statistisches Jahrbuch 1977*, p. 325, het die inskrywings aan *Grundschulen* (primêre skole) van 6 425 217 in 1975 tot 6 287 642 in 1976 gedaal.

12) NAUDÉ, J. A. Indrukke rondom die universiteitswese in Wes-Duitsland. *Bulletin vir dosente*. Kwartaalblad oor die hoër onderwys, jg. 8, nr. 2, Okt. 1975, p. 3.

omdat die meeste van hulle enkele jare vantevore as onderwysstudente gewerf is vanweë 'n tekort aan onderwysers. In Hannover het skoolkinders aan die einde van 1975 betoog omdat 'n groot aantal lesure moes verval vanweë 'n gebrek aan onderwysers. Die werklike rede vir die tekort was dat die regering nie die geld gehad het om onderwysers aan te stel nie. "Die onderwysers is daar, die aanvraag is daar, maar die geld ontbreek. Sommige skole maak van goedkoop studente-arbeid gebruik om die nood te verlig en dit word oorweeg om onderwysers vir halwe poste teen half-salaris aan te stel."[13]

In die lig van bogenoemde gegewens mag dit lonend wees om die oortollige mannekrag na die beroepsge=rigte skoolwese (waar nog 'n tekort ondervind word weens toenemende leerlinggetalle) te kanaliseer. Skoolfasiliteite sal egter op hierdie gebied ook ver=beter moet word, want dit kom voor of baie skole eerder 'n ruimtetekort as 'n onderwyserstekort onder=vind.

Dit is ook in die BRD die geval dat die onderwysbe=roep (veral waar dit die *Grundschule* en *Sekundar=stufe I* aanbetref) toenemend 'n vroulike beroep word. Wat die *Sekundarstufe II* egter aanbetref, is die mans nog in die meerderheid, selfs aan meisieskole. Dit kom selde voor dat onderwysers ná die voltooiing van hulle opleiding van beroep verander.[14]

13) *Loc. cit.*

14) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 116.

In 1976 was daar in die BRD 445 775 onderwysers ver=
bonde aan algemeen-vormende skole en 57 276 aan be=
roeps- en beroepsgerigte skole. In dieselfde jaar
was daar 1 763 onderwysers behulpsaam met algemeen-
vormende onderwys vir volwassenes en 7 213 onderwy=
sers was by die beroepsgerigte onderwys vir volwas=
senes betrokke.[15]

## 7.2 DIE DUUR EN INHOUD VAN DIE ONDERSKEIE OPLEIDINGSKURSUSSE

### 7.2.1 Algemene inleiding

Die toelatingsvereiste vir onderwysersopleiding is
die skooleindsertifikaat (*Reifezeugnis*)[16]. Die
*Land*-onderwysdepartemente beheer die opleiding van
onderwysers wat, met die uitsondering van die *Fach=
hochschulen*, aan universiteite en alle *Hochschul-*
tipes geskied. Alhoewel die staat (*Land*) die onder=
wysersopleiding beheer, word die beplanning daarvan
deur die betrokke streekowerhede gedoen.[17]

Ondanks die feit dat universiteite in Wes-Duitsland
staatsinrigtings en die professore staatsamptenare
is, beskik die professore oor akademiese vryheid.
(Daar bestaan geen private universiteite in Wes-
Duitsland nie, behalwe die teologiese universiteite

15) BUNDESREGIERUNG (BRD). Statistisches Bundesamt, *op. cit.*, p. 325.

16) HECKEL, H. *und* SEIPP, *Schulrechtkunde*, p. 181.

17) TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. *Verslag met betrekking tot die grondwetlike beheer oor die onderwys*, p. 42.

wat deur die verskillende kerkgenootskappe in stand gehou word.) Universiteite bepaal self die curriculum en inhoud van die leerstof, asook die duur van die onderwysersopleidingskursus. Die feit dat die curriculum en inhoud van die leerstof van universiteit tot universiteit verskil en die duur van die opleidingskursus by sommige universiteite vier jaar is terwyl dit by ander universiteite vyf of selfs ses jaar is, is nie bevorderlik vir die gehalte van onderwysersopleiding in die algemeen nie.[18] Kandidate wat 'n sesjaar-akademiese opleidingskursus volg en nog 'n tweejarige professionele opleiding daarna, is alreeds 28 jaar oud wanneer die kursus voltooi word. In die reël druip ongeveer 20 persent van die kandidate tydens die tweejarige professionele deel van die opleiding. Die probleem is dat persone wat alreeds 28 jaar oud geword het nie so geredelik deur die nywerheidsektor opgeneem word nie en dus nie maklik 'n heenkome vind nie.[19]

Die duur van die opleiding van onderwysers vir die primêre skoolfase en *Sekundarstufe I (Grund-, Haupt-, Realschule)*, met die uitsondering van spesiale skole, is ten minste ses semesters (in Bremen agt semesters), terwyl die opleiding van onderwysers vir die *Sekundarstufe II (Fachoberschulen, Gymnasien, Gesamtschulen, berufliche Schulen* asook die *Sonderschulen* (spesiale skole) in die reël agt semesters duur.[20]

18) *Ibid.*, p. 43.

19) TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. *Verslag met betrekking tot die opleiding van onderwysers ...*, p. 32.

20) ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 57.

Hierna moet alle aspirant-onderwysers 'n proeftydperk (*Referendariat*) van een tot drie jaar, meestal agtien maande, voltooi.[21] Die akademies-professionele studie (eerste fase) en proeftydperk (tweede fase) word elk met 'n staatseksamen afgesluit. Daar word tans pogings aangewend om die twee opleidingsfases tot 'n eenheid te integreer. Bremen het alreeds wetgewing in hierdie verband aangeneem (*Bremen Lehrerausbildungsgesetz*)[22]

Onderwysersopleiding aan tersiêre-onderwysinrigtings sluit, ooreenkomstig die staatsvoorskrifte vir die kwalifikasies van onderwysers, onder andere opvoed=kundig-wetenskaplike en vakwetenskaplike studie, sowel as minstens twee verpligte praktika gedurende die semestervakansies, in. Die aard van die opvoed=kundig-wetenskaplike studie is in ooreenstemming met die bepalings van die onderskeie *Land*-wetgewings in hierdie verband.[23] Die vakstudie behels in die reël twee skoolvakke en is by die agt-semester-kur=sus (vir *Gymnasium*- en *Gesamtschul*-onderwysers) oor=wegend in twee studiedele verdeel. Hierdie reëling geld egter nie noodwendig vir alle vakke nie. Die eerste deel word deur 'n tusseneksamen (*Zwischenprü=fung*) en die tweede deel deur die eerste staatseksa=men vir onderwysers afgesluit.[24] Baie studente

21) MALLINSON, *op. cit.*, p. 32.

22) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 181.

23) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 110.

24) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Handbuch für die KMK 1970*, p. 122.

lê die eerste staateksamen eers na tien semesters af.[25] Bywoning van die kursusse is nie verplig=tend nie.[26]

Die genoemde staatseksamen sluit mondelinge toetsing in die opvoedkunde-deeldissiplines, mondelinge en skriftelike eksamens in die vakwetenskappe, sowel as 'n skriftelike werkstuk by die eerste staatseksa=men in. Hierdie werkstuk moet binne drie tot vier maande afgehandel word. Simbole wat vir die eksamen as geheel en vir die vakke afsonderlik toegeken kan word (soos deur 'n ooreenkoms tussen die *Länder* in 1971 bepaal), is:

| By die evaluering van afsonderlike vakke | By die evaluering van die eksamen as geheel |
|---|---|
| A (Baie goed) | A (Met onderskeiding geslaag) |
| B (Goed) | B (Goed geslaag) |
| C (Bevredigend) | C (Bevredigend geslaag) |
| D (Voldoende) | D (Geslaag) |
| E (Gebrekkig) | |
| F (Ontoereikend) | |

Slegs as in alle eksamenvakke sowel as vir die skrif=telike werkstuk ten minste die simbool D (voldoende) toegeken is, het die kandidaat in die eksamen ge=slaag.[27]

25) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der BRD 1977*, p. 47.

26) BEREDAY, *op. cit.*, p. 103.

27) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, p. 48.

Die doel met die proeftydperk (*Referendariat*) is om die aspirant-onderwyser toe te rus met teoretiese-gefundeerde praktiese opleiding in die skool. Dit behels die selfstandige aanbieding van lesse van beperkte omvang - gewoonlik agt tot tien periodes per week. Aspirant-onderwysers vir die *Sekundar= stufe II* moet by dusdanige skole onder die toesig wees van bekwame onderwysers aan twee verskillende *Gymna= sien.*[28] Namiddae moet lesings in Algemene en Besondere Didaktiek bygewoon word.[29] Gedurende hierdie tydperk ontvang die aspirant-onderwyser 'n onderhoudstoelaag wat ongeveer een-derde van sy aanvangsalaris is.[30] Die Frankenthal-ooreenkoms (vgl. par. 7.2.3) bepaal dat, indien daar 'n onder= wyserstekort ondervind word, die proeftydperk vir sekondêre onderwysers slegs agt maande moet wees.[31]

Die proeftydperk word met die tweede staatseksamen vir onderwysers afgesluit.[32] Die student moet 'n referaat oor 'n bepaalde opvoedkundige tema en 'n ver= slag van sy proeftydperk voorlê. Die kern van die eksamen bestaan uit twee proeflesse wat die kandidaat moet aanbied, naamlik een van die kandidaat se eie keuse en een wat deur die eksaminatore bepaal word. Daarna volg 'n mondelinge eksamen.[33] Indien die

28) SHAFER, SUSANNE, M. Germany. *In* BECK, C. E. *ed. Perspec= tives on world education*, p. 46.

29) TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. *Verslag met betrekking tot onderwysersopleiding ...*, p. 31.

30) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 112.

31) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 140.

32) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamptplan*, Band I, p. 37.

33) MALLINSON, *op. cit.*, p. 131.

eksamen suksesvol afgelê word, kwalifiseer die student vir 'n permanente aanstelling in 'n vakante onderwyspos.[34] Die verskillende *Länder* erken onderling nog mekaar se onderwyssertifikate, maar met die nuwe hervormings ten opsigte van onderwysersopleiding vir skool*fases* in plaas van skool*tipes* (waaroor die *Länder* nog nie onderling ooreenstemming bereik het nie) skyn dit of moontlike probleme in hierdie verband mag opduik. 'n Student se persoonlike geloofsbelydenis speel geen rol by onderwysersopleiding nie,[35] maar sodra hy as onderwyser by 'n skool aangestel word, is sy lewens- en wêreldbeskouing van kardinale belang by die opvoeding van die kind. Daar word dus wel in die praktyk op die geloofsbelydenis van die onderwyser ag geslaan, veral by die aanstelling van skoolhoofde.[36]

Benewens die genoemde kursusse kan onderwysstudente ook nog 'n akademiese graad, naamlik *Diplom-Pädagogie* (Dipl.-Päd.) in die Opvoedkunde verwerf. Die curriculum vir hierdie graadkursus sien soos volg daaruit:[37]

34) TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. *op. cit.*, p. 32.

35) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 181.

36) *Ibid.*, p. 194.

37) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, Anlage 19, p. 5.

| EERSTE STUDIEFASE (gewoonlik een tot vier semesters) Afsluiting met *Diplom*-vooreksamen. | TWEEDE STUDIEFASE (gewoonlik vier tot agt semesters) Afsluiting met *Diplom*-eindeksamen. |
|---|---|
| * Opvoedkunde (opvoedkundige an= tropologie en maatskaplike voorvereistes vir die opvoe= ding; teorie van die opvoedings= handeling en sosialisering; inrigtings- en organisasievorms in die onderwyswese). | * Opvoedkunde I (Grondbeginsels van die Opvoedkunde as weten= skap; wetenskaplike metodes, voorvereistes en take met betrek= king tot navorsing oor die opvoeding). |
| * Psigologie (Algemene Psigologie; Ontwikkelingspsigologie; Sosiale Psigologie; Leerpsigologie). | * Opvoedkunde II (Keusevak uit Sosiale Opvoedkunde en Maatskap= like Werk/onderwys vir volwasse= nes en Buiteskoolse Jeugopvoeding/ Bedryfsopvoeding/onderwys vir spesiale inrigtings). |
| * Sosiologie (Algemene Sosiologie; Gesinsosiologie; Jeugsosiolo= gie; opvoeding en die gemeen= skap). | * 'n Opvoedkundig-wetenskaplike verpligte keusevak. |
| * Kursusse in Jeugreg, Sosiale Reg en Skoolreg. | * Psigologie of Sosiologie. |

Uit die voorafgaande gegewens blyk dit dat onderwysers toegerus word om aan 'n bepaalde skoolsoort, byvoor= beeld die *Grund-*, *Haupt-*, *Realschule* of *Gymnasium*, onderwys te gee. In verskeie *Länder* word daar tans, in ooreenstemming met die *Bildungsgesamtplan* (1973), in 'n toenemende mate onderwysers vir 'n bepaalde skoolfase in plaas van vir 'n besondere skooltipe opgelei. Hierdie verandering voldoen aan die behoef= tes van die *Gesamtschule*.[38)]

38) *Ibid.*, p. 14.

### 7.2.2 Die opleiding van onderwysers vir bepaalde skool*tipes*

Dit is die gebruik om onderwysers in die BRD op te lei om bepaalde skoolsoorte te beman.

#### 7.2.2.1 Die opleiding van onderwysers vir *Hauptschulen* (of *Grundschulen* en *Hauptschulen*)

Die curriculum vir die opleiding van onderwysers vir *Hauptschulen* is in sommige *Länder* nog in ooreenstem= ming met dié vir die opleiding van onderwysers vir die *Grundschulen*. Die verskil tussen die twee opleidingskursusse bestaan daarin dat daar, binne die breë raamwerk van die weeklikse periodeverdeling vir die semester en na gelang van die kursus, 'n be= paalde aantal periodes beskikbaar gestel word vir die bestudering van temas en vraagstukke wat eie aan die *Hauptschule* (klasse 5 tot 9) of die *Grundschule* (klasse 1 tot 4) is. 'n Verdere verskil lê daarin dat benewens die gemeenskaplike opvoedkundig-weten= skaplike basiese studie wat ongeveer die helfte van die totale aantal periodes van die kursus in beslag neem, die studie op vakwetenskaplike terrein telkens by die betrokke skoolfase moet aanpas.[39] Die tweede staatseksamen bestaan uit 'n skriftelike, 'n mondelinge en 'n praktiese gedeelte.[40]

In sekere *Länder* verloop die opleiding vir *Hauptschul-*

39) *Ibid.*, Anlage 16, p. 21.

40) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 182.

onderwysers alreeds ooreenkomstig 'n kursus wat vir al die verskillende skooltipes, naamlik *Haupt-*, *Realschule* en *Gymnasium* tot klas 10, wat die *Sekun=darstufe I* uitmaak, dieselfde is. In hierdie geval staan die kursus bekend as die *Lehramt in der Sekun=darstufe I.* Die studievereistes en -inhoud word dan by dié van die opleiding van onderwysers vir die *Realschulen* aangepas. Die aandeel van die Opvoed=kunde-deeldissiplines is ongeveer een-derde van die semesterperiodes (vgl. tabel 7.2), byvoorbeeld 40 semesterperiodes uit 'n totaal van 120 in Noordryn-Wesfale.[41] Onderrig in die gebruik van hulpmiddels en massamedia word al hoe belangriker geag.[42]

TABEL 7.2

DIE VERDELING VAN PERIODES VIR DIE OPLEIDING VAN *HAUPTSCHUL*-ONDERWYSERS AAN DIE *PÄDAGOGISCHE HOCHSCHULE* TE FREIBURG, WINTERSEMESTER 1976/77[43]

| VAKKE | AANTAL PERIODES VIR DIE WINTERSMESTER |
|---|---|
| * Opvoedkundig-wetenskaplike oplei=ding (vorming) | |
| . Algemene Opvoedkunde (Peda=gogiek) | 10 |
| . Skoolpedagogiek | 10 |
| . Temas vir onderrig aan die *Grundschule/Hauptschule* | 8 |
| . Teologie | 4 |
| . Filosofie | 4 |
| . Psigologiese Opvoedkunde | 4 |

41) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, Anlage 16, p. 21.

42) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 105.

43) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, Anlage 16, p. 22.

| VAKKE | AANTAL PERIODES VIR DIE WINTERSEMESTER |
|---|---|
| . Sosiologie/Staatsleer | 4 |
| . Aanvullende studievak | 6 |
| * Vakwetenskaplik-didaktiese oplei=ding (vorming) | |
| . Keusevak | 40 |
| . Byvak | 20 |
| . Godsdiensonderrig (vrywillig) | 3 tot 5 |
| * Skoolpraktyk | 12 |
| * Kursusse in | |
| . Skooladministrasie | 2 |
| . Gesondheidsopvoeding | 1 |
| . Spraakleer | 1 |
| . Die gebruik van onderwyshulpmid=dels | Opsioneel |
| . Noodhulp | Opsioneel |

'n Tipiese voorbeeld van 'n sillabus van 'n eerste keuse=vak, naamlik die bepalings vir die opleiding en eksaminering van Chemie-onderwysers word breedvoerig in die bylaag (p. 481) uiteengesit.

7.2.2.2 Onderwysersopleiding vir die *Realschulen*

*Realschul*-onderwysersopleiding duur minstens ses semesters aan 'n universiteit of *Hochschule*. *Haupt=schul*-onderwysers kan hulle deur middel van aanvul=lende vakwetenskaplike studie vir die verskaffing van onderwys aan 'n *Realschule* bekwaam. Vir hierdie doel bestaan daar in Beiere (München) 'n spesiale *Staatsinstitut für die Ausbildung der Lehrer an Realschulen*. In Baden-Württemberg en Nedersakse is daar ooreenstemmende institute. Ná die eerste staatseksamen, bestaande uit 'n skriftelike, monde=linge en skoolpraktiese gedeelte, volg 'n tydperk van praktiese onderwys vir aspirant-onderwysers van onge=veer agtien maande. Die proeftydperk word met die tweede staatseksamen afgesluit. Bremen, Hamburg en Hessen bied 'n enkele geïntegreerde eenvormige onderwysersopleidingskursus vir beide die *Haupt-* en *Realschulen* aan.[44)]

In die volgende tabel verskyn 'n lys van die vakke wat *Realschul*-onderwysers moet bestudeer.

Die bywoning van seminare[45)] vorm vir die opleiding van *Realschul-* asook *Gymnasium*-onderwysers 'n belang=rike komponent van die kursus. Die bepalings vir die opleiding en eksaminering van onderwysers wat Chemie as eerste keusevak neem, word breedvoerig in die bylaag (p. 480) uiteengesit.

44) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 183.

45) Vgl. PFENNINGER, *op. cit.*, p. 149 vir die verloop van 'n seminaar.

TABEL 7.3

ROOSTER VAN WERKSAAMHEDE VAN *REALSCHUL*-ONDERWYSERS AAN DIE *PÄDAGOGISCHE HOCHSCHULE* TE FREIBURG, WINTERSEMESTER 1976/77[46]

| VAKKE | PERIODES VIR DIE WINTERSEMESTER |
|---|---|
| * Opvoedkundig-wetenskaplike opleiding | |
| . Algemene Opvoedkunde (Pedago=giek) | 4-5 |
| . Skoolpedagogiek | 8-11 |
| . Psigologie | 4-6 |
| . Filosofie, Staatsleer, Sosiologie, Teologie (volgens keuse) | 4 |
| * Vakwetenskaplik-didaktiese opleiding | |
| . Eerste keusevak | 45 |
| . Tweede keusevak | 45 |
| . Vakdidaktiek | 10 |
| . Skoolpraktyk | 10 |

### 7.2.2.3 Die opleiding van onderwysers vir die *Gymnasien*

Die opleiding van onderwysers vir die *Gymnasien* ge=skied slegs aan universiteite. Die kursus duur ten minste agt semesters. Dit word van studente vereis om vir etlike weke aan *verskillende* skool*tipes* gedurende die studietydperk te hospiteer. Benewens die akade=

46) SEKRETARIAT DER KMK (BRD), *op. cit.*, Anlage 16, p. 14.

miese hoofvak en een of twee byvakke[47] moet onder=wysstudente ook nog die volgende vakke neem: Filo=sofie, Opvoedkunde en Staatsleer. Kinder-psigolo=gie, Skoolorganisasie en -administrasie, skool-gemeenskap-verhoudings, Skoolreg, Filosofie van die Skoolpraktyk en Skooltoesighouding word tydens die proeftydperk bestudeer.[48] Die proeftydperk (*Studienreferendar*) kan tot twee jaar duur.

In die bylaag (p. 477) word die sillabus asook die eksamenbepalings van Chemie as eerste keusevak vir die opleiding van *Gymnasium*-onderwysers volledig uiteengesit.

### 7.2.2.4 Die opleiding van onderwysers vir die *berufliche Schulen* (beroeps- en beroeps=gerigte skole)

Daar moet ten opsigte van die beroeps- en beroeps=gerigte skole onderskei word tussen die onderwysers wat algemeen-vormende vakke en vakteorie aanbied en diegene wat die praktiese werk aanbied. Eersgenoemde onderwysers verwerf hul kwalifikasies na die sukses=volle voltooiing van 'n agt-semester-*Hochschul*studie, 'n eenjarige praktiese opleiding en 'n proeftydperk van twee jaar. Die akademiese studie sowel as die proeftydperk word elk met 'n staatseksamen vir onder=wysers afgesluit. Onderwysers wat die praktiese deel van die vak moet aanbied, verwerf hul kwalifi=

47) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 183.

48) BEREDAY, *op. cit.*, p. 102.

kasies deur 'n eerste beroepsopleiding, verdere op= leiding aan die *Fachschule* en 'n opvoedkundige basiese opleiding aan bepaalde inrigtings.[49] Hierdie onder= wysers moet oor besondere handvaardighede beskik.[50]

Die onderwysers aan *Fachoberschulen* moet in die reël die eksamens vir die *Lehramt an berufsbildende Schulen* of vir die *Lehramt an Gymnasien* aflê. Onder= wysers wat ná die voltooiing van 'n universiteitstu= die in natuurwetenskappe, tegniese of ekonomiese vakke 'n meerjarige toepaslike beroepservaring opge= doen het, kan ook aan *Fachoberschulen* onderwys gee.[51]

Die Chemie-sillabus vir die opleiding van onderwysers vir beroeps- en beroepsgerigte skole word in die bylaag op p. 484 uiteengesit.

7.2.2.5 Onderwysersopleiding vir die *Sonderschu= len* (skole vir buitengewone onderwys)

In die *Länder* Baden-Württemberg, Bremen, Hessen, Rynland-Pfalz en Saarland sluit die opleiding van onderwysers vir die verskillende tipes skole vir buitengewone (spesiale) onderwys ten minste die eer= ste staatseksamen vir onderwysers en 'n praktikum aan 'n *Sonderschule* van 'n bepaalde tipe in. Die kursus word aan sogenaamde *Heilpädagogische Instituten* aan= gebied en dit duur ten minste vier semesters. Hierna

49) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Das Bildungswesen in der BRD*, p. 15.

50) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 39.

51) SEKRETARIAT DER KMK (BRD). *Handbuch für die KMK 1970*, p. 128.

volg 'n praktiese indiensopleiding aan die bepaalde *Sonderschule* waarvoor die student opgelei is.[52]

### 7.2.3 Die opleiding van onderwysers vir 'n bepaalde skool*fase*

Die onderwyser moet toegerus word om rekening te hou met die verskille in aanleg, vermoë en belangstelling van individuele leerlinge. Hy moet ook rekening hou met verskille tussen leerlinge van verskillende leeftydfases. Met die oog hierop word die opleiding van onderwysers vir bepaalde skool*fases* 'n toenemende vereiste.[53]

Gedifferensieerde onderwys vereis gedifferensieerde onderwysersopleiding. Anders gestel: die herorganisasie van die skoolwese vereis 'n dienooreenkomstige heroriëntering ten opsigte van onderwysersopleiding, met besondere inagneming van die (bestaande) horisontale struktuur van die skolestelsel. Die Frankenthal-ooreenkoms (1970) het die nuwe gedagte gebring dat onderwysers (in ooreenstemming met die vertikale struktuur van die skolestelsel wat nagestreef word) vir die verskillende skool*vlakke* opgelei moet word (sogenaamde *Stufenlehrer*), te wete

* die primêre vlak (klasse 1 tot 4),
* die *Sekundarstufe I* (klasse 5 tot 10) en
* die *Sekundarstufe II* (klasse 11 tot 13).[54]

52) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 184.

53) DEUTSCHER BILDUNGSRAT. *Strukturplan für das Bildungswesen*, p. 227.

54) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 36. Vgl. ook ANWEILER, *et. al.*, *op. cit.*, p. 57.

In 1970 is daar met die Frankenthal-ooreenkoms 'n mate van konsensus bereik met betrekking tot 'n eenvormige stelsel van onderwysersopleiding. Alle onderwysers= opleiding moet voortaan aan universiteite of *Wissen= schaftliche Hochschulen* (tersiêre inrigtings op universitêre vlak) geskied.[55] Die *Länder* Baden-Württemberg, Beiere, Rynland-Pfalz, Saarland en Schleswig-Holstein het bogenoemde beginsel met betrek= king tot onderwysersopleiding volgens skoolvlakke goedgekeur (sommige *Länder* koester nog bedenkings oor die besoldiging van onderwysers wat by hierdie bepaling moet aanpas), maar op die volgende voor= waardes:[56]

* Die kursus vir onderwysers vir die *primêre fase* moet die volgende komponente (in die verhouding van 1:1:1) insluit:

  . 'n verpligte opvoedkundig-wetenskaplike studie vir alle onderwysers,

  . 'n verdiepte opvoedkundige studie wat veral op die didaktiek van die primêre fase betrekking het en

  . die intensiewe bestudering van ten minste een skoolvak.

  Die minimum tydsduur van die kursus is ses semesters.

55) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 137.

56) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan;* Band I, p. 38.

* Die kursus vir *Sekundarstufe I*-onderwysers moet die volgende (in die verhouding van 1:1:1) insluit:

  . die verpligte opvoedkundig-wetenskaplike studie vir alle onderwysers en

  . die bestudering van twee skoolvakke.

  Die duur van die kursus is minstens ses semesters.

* Die kursus vir *Sekundarstufe II*-onderwysers moet saamgestel word uit die volgende kompo= nente (in die verhouding van 1:2:1):

  . ŉ verpligte opvoedkundig-wetenskaplike studie vir alle onderwysers,

  . die intensiewe bestudering van een skool= vak en

  . die bestudering van ŉ tweede skoolvak.

  Vir die beroepsgerigte skoolwese wat binne die *Sekundarstufe II* val asook vir die *Sonder= schulen* word die intensiewe bestudering van ten minste een skoolvak as vereiste gestel. Die minimum tydsduur van die kursus is agt semesters.

Alle onderwyskursusse kan verbreed (dit wil sê aan= gevul)word. Daardeur word die minimum duur van die ses-semesterkursus na agt semesters verleng en dié van die agt-semesterkursus na tien semesters uitge= brei. Die verlengde, aanvullende kursus lei tot

groter besoldiging.[57]

Die *Länder* wat nie met die Frankenthal-ooreenkoms betreffende onderwyserbesoldiging saamstem nie het die vraag geopper of onderwysers met slegs drie jaar opleiding en een spesialiseringsvak as onderwysers vir die *Sekundarstufe I* aanvaarbaar sou wees. Daar was op hierdie vergadering 'n duidelike stemverdeling volgens politieke sienswyse. Die CDU/CSU-regerings het aangedring op 'n hoër akademiese kwalifikasie, gebaseer op 'n vier-jaar voltydse studie en die bestudering van twee skoolvakke, vir onderwysers van die *Sekundarstufe II*. Die SPD-beheerde *Länder* (Berlyn, Hamburg, Bremen, Hessen, Noordryn-Wesfale en Nedersakse) wou die *Stufenlehrer*-beginsel (met sy gelykmakende uitwerking) op *alle* gebiede (ook met betrekking tot besoldiging) implementeer. Aangesien die CDU/CSU-*Länder* nie bereid was om volledig met hierdie beginsel akkoord te gaan nie, het die pro= bleem ontstaan dat die mobiliteit van die onderwys= professie in die BRD in sy geheel nie meer moontlik sou wees nie. Dit is juis beperkings van hierdie aard op die inter-*Land*-mobiliteit wat deur die onderwysbeleid vermy moet word.[58]

## 7.3 DIE BESOLDIGING VAN EN BEVORDERINGS= MOONTLIKHEDE VIR ONDERWYSERS

In 1974 het 'n dertigjarige getroude onderwyser ver= bonde aan 'n *Grundschule* ongeveer 2 100 DM per maand

57) *Loc. cit.*

58) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 140.

(R509) verdien. Aan 'n *Realschule* sou hy 2 300 DM (R557) en aan 'n *Gymnasium* 2 550 DM (R618) verdien het.[59] Na aanleiding van die Frankenthal-ooreen= koms (1970) word onderwysers die afgelope paar jaar egter grootliks vir skoolvlakke(-fases) in plaas van skool*tipes* (vgl. par. 7.2.2) opgelei. Die salarisse is ook dienooreenkomstig aangepas. 'n Hoër salaris= skaal hou dus tans nie meer verband met die skool= *tipe* nie, maar hang van die *duur* van die opleidings= kursus af. Dit was juis hierdie voorstel wat 'n strydpunt tussen die onderwysministeries van die onderskeie *Länder* geword het. "The proposal that the same grading scheme should be applied to teachers of all three levels in the school system was too much for some of the *Länder* to accept; in their view the academic requirements for teaching at the upper secondary level justified a higher level of salary, and this should be accessible to primary and lower secondary teachers only if they acquired the relevant *academic* (my kursivering) qualifications."[60]

Dit handel dus vir hierdie *Länder* by die besoldiging van onderwysers eerder om die akademiese *graad* wat behaal word as om die *duur* van die kursus.

By die implementering van die *Stufenlehrer*-beginsel moet dit nie uit die oog verloor word dat die koste verbonde aan die hoër gradering van primêre onder= wysers (wat byvoorbeeld in die geval van Noordryn-Wesfale tussen 500 miljoen en 600 miljoen DM sal be=

59) NEWCOMBE, N. *Europe at school*, p. 241.

60) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 139.

loop) 'n groot finansiële struikelblok op sigself is nie.[61]

Daar bestaan verskillende bevorderingsmoontlikhede vir onderwysers. Aan elke bevordering word 'n be= paalde titel (vgl. tabel 7.4), afhangende van die skooltipe gekoppel. Laasgenoemde gebruik sal metter= tyd ook aangepas moet word by die nuwe benadering ten opsigte van onderwysersopleiding.

TABEL 7.4

BEVORDERINGSMOONTLIKHEDE IN DIE ONDERWYS[62]

| *GRUND-* EN *HAUPTSCHULEN* | *REALSCHULEN* | *GYMNASIUM* | *BERUFSBILDENDE SCHULEN* |
|---|---|---|---|
| *LEHRER* (ONDERWYSER) | *REALSCHULLEHRER* (ONDERWYSER) | *STUDIENRAT* (GIMNASIUM= ONDERWYSER) | *STUDIENRAT* (EKONOMIE-, HANDELS-, LANDBOUONDERWYSER en dies meer. |
| *KONREKTOR-* *HAUPTLEHRER* (DEPARTEMENTS= HOOF) *OBERLEHRER* (IN BEIERE) | *REALCHULKONREKTOR* (*DIREKTORSTELLVERTRETER*) (PLAASVERVANGEN= DE SKOOLHOOF OF VISE-HOOF) | *OBERSTUDIEN= RAT* (DEPARTE= MENTSHOOF) (*STUDIENPRO= FESSOR, GYM= NASIAL-PRO= FESSOR*) *DIREKTOR* (VISE-HOOF) | *DIREKTOR-STELLVER= TRETER.* *FACHVORSTEHER* (VAKHOOF) |
| *REKTOR* (SKOOLHOOF) | *REALCHULREKTOR*, *REALSCHULDIREK= TOR* (SKOOLHOOF VAN 'N *REAL= SCHULE*) | *STUDIENDIREK= TOR*, *OBERSTUDIEN= DIREKTOR* (SKOOLHOOF VAN 'N *GYMNASIUM*) | *DIREKTOR* *OBERSTUDIENDIREKTOR* (SKOOLHOOF VAN 'N BEROEPS- OF BE= ROEPSGERIGTE SKOOL) |

61) *Ibid.*, p. 140.

62) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 195.

Die onderwyser kan geen aanspraak op bevordering maak nie. Indien 'n onderwyser tydelik in 'n hoër gegra= dueerde pos moet waarneem, ontvang hy vir daardie tydsduur 'n *toelaag* wat bereken word op die verskil tussen sy salaris en dié verbonde aan die pos wat hy waarneem.[63] Vir bevordering word slegs die diens= prestasies en vaardighede, sowel as die karakter= eienskappe van die betrokke onderwyser in aanmerking geneem en nié die aantal diensjare nie. Onderwysers wat byna die aftree-ouderdom bereik het, word slegs in hoogs uitsonderlike gevalle bevorder. Gewoonlik word 'n onderwyser nie tot hoof van die skool waaraan hy verbonde is, bevorder nie.[64]

## 7.4 VERDERE OF INDIENSOPLEIDING VAN ONDER= WYSERS

Nadat onderwysers hulle onderwyskwalifikasie verwerf het, is die gereelde bywoning van opknappings- en/of indiensopleidingskursusse (*Fortbildung*) nie alleen wenslik nie, maar as't ware verpligtend. Hierdie verpligting spruit voort uit die onderwyser se ver= antwoordelikheid as opvoeder van die jeug. Hy is dit aan sy beroep verskuldig om op die hoogte te bly met die ontwikkeling van die wetenskap. Die onder= wyser aan die beroepsgerigte skool moet sy kennis van die ekonomiese en handelswêreld aanvul of hernu deur gereelde praktika in die bedryf by te woon.[65]

63) *Ibid.*, p. 194.

64) *Ibid.*, p. 195.

65) BUNDESREGIERUNG (BRD). *Bildungsbericht '70*, p. 82.

Veral in Hamburg, Bremen, Berlyn en Hessen, wat as "educational power houses" getipeer word, word inten=siewe pogings aangewend om onderwysers se vakkennis op te knap deur middel van indiensopleidingsprogramme, opvoedkundige publikasies en konferensies. Daar word uitgebreide eksperimentele ondersoeke onderneem oor hoe om die onderwyser se bekwaamheid vir sy taak in die nuwe tipe *Gymnasium* (wat in *Sekundarstufe I* en *Sekundarstufe II* verdeel word) te verbeter.[66)]

Daar moet onderskei word tussen die amptelike indiens=opleiding van onderwysers en die verdere (aanvullende) opleiding wat deur onderwysersverenigings of onder=wysersvakunies aangebied word. In Hamburg word die amptelike opleiding verskaf deur die *Institut für Lehrerfortbildung.* In Berlyn staan hierdie instansie bekend as die *Pädagogische Zentrum,* in Hessen as die *Lehrerfortbildungswerk,* en in Noordryn-Wesfale as die *Landesinstitut für schul=pädagogische Bildung.*

Die nie-amptelike opleiding deur onderwysersvereni=ings of -vakunies geskied hoofsaaklik deur middel van periodieke simposia of kongresse. In Baden-Württemberg, Hessen en Nedersakse bestaan nie-ampte=like gesentraliseerde opleidingsinrigtings vir diens=doende onderwysers.[67)] Uitgewers en vervaardigers van wetenskaplike apparaat vir die skole bied ook weeklange kursusse ten opsigte van nuwe ontwikkelinge

66) KING, E. J., MOOR, C. H. *und* MUNDY, J. A. *Post-compulsory education,* p. 83.

67) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.,* p. 115.

in Fisika aan. Hierdie kursusse word besonder goed deur die onderwysers ondersteun.[68] Deelname aan enige vorm van verdere onderwysersopleiding geskied vrywillig in al die *Länder*.

Die inrigtings vir verdere onderwys moet vir ten minste 36 weke per jaar benut word. Daar word op 6 weke per onderwyser gedurende 'n tydperk van 5 jaar gereken. Teen 1980 behoort 70 persent van alle onderwysers aan hierdie program deel te neem. Teen 1985 moet almal betrek word.[69]

## 7.5 EVALUERING

As gevolg van die vroeëre groot verskille in die op=leiding van onderwysers vir verskillende skooltipes en op grond van die historiese agtergrond van hier=die beroep, het daar ingrypende standverskille tussen die verskillende onderwysersgroepe bestaan wat eers deur die "verakademisering" van die *Volks-* en *Berufs=schul*-onderwysersopleiding (en die daarmee gepaard=gaande verbeterde salarisse) geleidelik verdwyn het. Die *Volksschul*-onderwysers het hulleself primêr as *opvoeders* beskou, terwyl die *Gymnasium*-onderwysers hulleself oorwegend as *vakonderwysers* gesien het.[70]

Die *Gymnasium*-onderwyser het as *Studienrat* bekend ge=staan, 'n onderwyser met bevorderingsmoontlikhede tot

68) TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. *Verslag van 'n sending na oorsese lande met betrekking tot onderwysersopleiding ...*, p. 33.

69) BUND-LÄNDER-KOMMISSION. *Bildungsgesamtplan*; Band I, p. 37.

70) SCHULTZE *und* FÜHR, *op. cit.*, p. 118.

op die vlak van *Gymnasialprofessor* en eventual *Oberstudiendirektor* (skoolhoof), 'n hiërargie van titels wat ver buite die bereik van die *Volksschulleh=rer* was. Die enigste moontlikheid vir laasgenoemde onderwyser was om sy kwalifikasies te verbeter, sodat hy aan 'n *Realschule* aangestel kan word.[71]

Die feit dat primêre skoolonderwysers nie aan universiteite opgelei is nie, was derhalwe die ver=naamste rede vir die "meerderwaardigheidsgevoel" van die sekondêre onderwysers en die ongesonde wanbalans tussen die twee groepe.[72] Die Frankenthal-ooreen=koms (1970) stel dit met die invoering van die *Stufenlehrer*-gedagte as 'n vereiste dat elke onderwyser oor akademiese opleiding moet beskik wat gelyk staan met universiteitsopleiding, sowel as oor professionele opleiding wat hom bevoeg vir die onderwys sal maak. Met die beperkte aantal vakatures wat deur die drei=gende ooraanbod gesken kan word, word dit al hoe noodsaakliker dat die akademiese opleiding van onder=wysers op *skool*vakke gerig moet wees ('n gesonde ont=wikkeling met betrekking tot die kwaliteit van die onderwys). Die klag word veral teen die *Pädagogische Hochschulen* ingebring dat daar aan hierdie inrigtings te veel klem op die Opvoedkunde-deeldissiplines in verhouding tot die skoolvak(ke) wat onderrig moet word, gelê word.[73]

71) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 136.

72) BEREDAY, *op. cit.*, p. 107.

73) HEARNDEN, *op. cit.*, p. 142.

Die "oorgangstoestand" in die skolestelselstruktuur het 'n besliste invloed op die onderwysersopleiding wat deels nog volgens skooltipes en deels reeds volgens skoolvlakke (-fases) geskied. Nuwe *Land-wetgewings* in Beiere, Bremen en Noordryn-Wesfale erken nog slegs laasgenoemde opleiding. Beiere maak tans vir drie vlakke voorsiening, naamlik die *Primarstufe*, die *Sekundarstufe I* en die *Sekundar=stufe II*. Noordryn-Wesfale voeg hierby 'n vierde vlak, naamlik dié van *Sonderpädagogik* (besondere onderwys). Berlyn, Hamburg, Hessen en Saarland oor=weeg dit tans sterk om hulle onderwysersopleiding by bogenoemde patroon aan te pas.[74)]

Die ondertekening van 'n verdrag tussen die BRD en die DDR, en die ontwikkelende *détente*, laat die vraag ontstaan hoe ver in die toekoms die "gelykmakings=proses" tussen dié twee lande se onderwysstelsels en onderwysersopleidingsprogramme nog lê. Indien hierdie "gelykmakingsproses" wel sou plaasvind, sal daar in die praktyk vir die Wes-Duitse onderwyser van die toekoms ander kriteria moet geld as dié "...which in the past tended to identify him with a university-style *Wissenschaftler* (academician or 'scientist')".[75)] Hy sal op die praktiese ingestel moet wees; hy sal moet leer om sy onderrigtaak te verrig sonder om altyd te inspireer "...and, in short learn the routine life of industrial clerks".[76)] Sover het dit vir die huidige egter nog nie in die Wes-Duitse onderwys "gevorder" nie.

74) HECKEL *und* SEIPP, *op. cit.*, p. 185.

75) KING, *et. al.*, *op. cit.*, p. 84.

76) BEREDAY, *op. cit.*, p. 108.